# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging
# Letaba Tak

**_Posbus 1989 Tzaneen 0850_**
***Voorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 5388*
***Sekretaris*** *(Cornel Maré): Tel: 082-922 6882*
**e-mail :** cornelm@ppecb.com
**Sekretaresse** : Gerda Esterhuizen 015-3062307
***Ondervoorsitter Admin*** *(Dawie van Vuuren) Tel: 083-[illegible]*
***Ondervoorsitter*** **Opleiding** *(Carel Buitendag) Tel: 082-551 8114*
**Tesourier** *(Cor Olivier) : Tel: 083-424 6580*
**e-mail** : dawie.vanvuuren@brokers.absa.co.za

---

## Notule van die bestuursvergadering op 7Junie 2007

**1. Opening en verwelkoming:**
Andre Le Grange heet almal welkom. Hansie Botha open met gebed.

**2. Doelstellings:**
Andrè lees die doelstellings. Doelstellings word voortaan op die proxima gewys.

**2.1 Lief en Leed**
Gerda se skoonpa is in die week oorlede
Oom Pietie se gesondheid gaan agteruit.

**3. Teenwoordig:**
<u>Bestuur:</u>
C. Mare, I. Mare, V. Osmers, AR. Fleischmann, D. Botes, AD Botha, I Iveson, J. Ehlers, J. Rech, DS van Vuuren, JM. Botha.

<u>Lede:</u>
H. Erasmus, B. Williams, CC. Steyn, R. MacDonald, J, Peacock, P. Coleske, U. Faurie, J. du Plessis, J. Human, R. du Plessis.

**4. Verskonings:**
<u>Bestuur:</u>
C. de Wet, W. Katzke, K. Osmers, A. Willems, A. Botha, A. Engelbrecht, M. Gamba, C. Buitendag, C. Olivier.

<u>Lede:</u>
Geen.

**5. Vorige notule:**

**5.1. Sake voortspruitend uit die vorige notule**
Punt 21.3 van die vorige notule: Dit is bevestig dat die proxima goedgekeur is.

**5.2. Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**
V. Osmers stel voor dat die vorige notule goedgekeur word, C. Mare sekondeer.

**6. Vastelling van die agenda:**

**7. Finansies & Administrasie:**

J. Rech noem dat Jimmy McNicol die helfde van die kostes sal dra en dat ‘n rekon gedoen sal word. Andre noem dat die geld nog nie inbetaal is nie, maar dat dit Maandag oorbetaal sal word. Indien ons nie die gelde ontvang nie, sal die baan gewyer word.

Cornel noem dat Cor die sertifikaat van die SAPS vir die goedkeuring van die baan by hom het.

Dawie van Vuuren noem dat Gerda begin het met state rakende die kroeg. Huidiglik is die kroeg rekening R8000 en die klubhuis R500.

Jaarlikse lede gelde is bespreek. Uitvoerend moet ‘n groter persentasie van die lede gelde oorbetaal aan Letaba tak. Andre sal dit opvolg.

Die volgende pryse is goedgekeur vir die uithuur van die klubhuis:

- *Skietbaan gebruik vir nie- lede : R50*
- *Braai area & Kroeg: R100 per groep*
- *Lokaal alleen: R400*
- *Lokaal & proxima: R500*
- *Die kroeg pryse sal aangepas word vir nie lede met funksies.*

**8. Nuwe Lede:**

Dit is besluit op die vergadering dat Letaba tak oom Daan se ledegeld sal betaal

Die volgende aansoeke is ontvang en goedgekeur:

- Pierre Coleske
- Micheal Schmudt
- Johannes du Plessis
- ER Shandlale
- D van der Lith

**9. Klubhuis & skietbaan gronde:**

**9.1. Arbeid**

Brown het bonus en meel gekry.

**9.2. Klubhuis:**

Die drein word bespreek. Cornel stel voor dat die badkamers opgradeer word. Dawie sal toilet ringe koop. Daar is teels geskenk vir die klubhuis. Abel herinner almal teenwoordig van die motorhuis deure wat geskenk is. Hansie sal reel om dit te gaan haal. Etienne Tolmay het aangebied om te help met die verlenging van die wal op die skietbaan. Andre en Dawie skenk 50 liter diesel elk. Hansie skenk 100 liter diesel. Toestemming word gegee dat die grond uitgehaal word om die baan te laat sak.

**9.3. Dranklisensie:**

Ina-Mari raporteer dat die raad nog moet sit rakende ons dranklisensie. Daar is blykbaar nie geld vir die raad om te sit nie.

**9.4. SA seta:**

Andre noem dat ons skietbaan goedgekeur is maar dat daar nog uitstaande dokumentasie is rakende die opleiding. Hy sal grasie vra in die verband.

**9.5. Chasa:**

Geen.

**10. Skietdae:**

Daar is besluit dat ons SA Jagters teikens gaan aankoop. Ivy sal ghonge voorsien. Saterdag se skietdag sal normale chasa skiet wees. Julie se skietdag sal informeel gehou word.

Alwin stel voor dat Letaba die pin-shooting klub in Pietersburg se admin onder ons inbring. Staan oor.

Daar is besluit dat ons die PMP gaan betrek by hierdie jaar se "pro-amm" nie. Ons gaan ons eie groepering skietdag hou. Dawie en Hansie hanteer alle borge.

**11. Opleiding:**

Cornel het gevra dat almal wat nie sertifikate ontvang het nie, hom kontak.

**12. Kleiduif:**

Daar is 'n kleiduif skietdag in Augustus. Daar is voorgestel dat die besighede genader word om spanne in te skryf.

**13. Boogjag:**

Geen

**14. Handwapenjag:**

Geen

**15. Buskruit:**

Hansie noem dat daar 2 dissiplines gaan wees vir bevoegdheid.

**16. Windbuks:**

Geen

**17. Jag geleenthede:**

Andre het 'n kontak vir jag geleenthede, belangstellendes kan hom kontak. Alle jag geleenthede is oop op die web-werf beskikbaar. Dawie moet met Deon Rautenbach praat rakende jag geleenthede vir volgende jaar.

**18. Redaktrise / publikasies / pers:**

Ghong skietdag sal geatverteer word.

**19. Uitvoerende vergadering:**

Chasa het die standaard vir toegewyde jagters laat sak na 50% slaagsyfer vir die teorie en 3 skote, dooierus op 'n rooibok teiken. BJV stem nie hiermee saan nie. Toegewyde jagters sal BJV akreditasie kry. Alle toegewyde jagters sal volgende jaar oorgeskuif word na BJV. Die Chasa bekwaamheids toets se slaagsyfer bly egter dieselfde en het nie verander nie.

Daar is besluit dat BJV nie meer spanne gaan borg vir die Gariep-skiet nie. Die gelde sal egter aangewend word vir intertak skietdae ens.

**20. Algemeen:**

Bestuur-jagnaweek sal op die volgende vergadering bespreek word.

**21. Volgende vergadering:**

5 Julie 2007

**Notule goegekeur as korrek** **Datum…………………….**

**Voorsitter………………….** **Sekretaris………………...**